WEEK 31 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

ALGEMEEN

Bybelgenootskap van Suid-Afrika: **Gemeentes (Vrystaat en Noord-Kaap) moet asseblief let op die brief** vanaf die Bybelgenootskap rakende die fondsinsameling vir Bybelverspreiding (dmv koeverte), wat **tydens die Hervormingsfees op Sondag 27 Oktober 2019, tydens die eredienste ingehandig moet word.** Lees die brief, met bestelvom vir koeverte, ensovoorts hier.

Jaarboek 2020 Bestelvorm: Die Jaarboek van die NG Kerke 2020, verskaf al langer as 160 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate.

NB! **Gemeentes/belangstellendes moet asseblief kennis neem** dat ***julle sélf verantwoordelik is om Jaarboek 2020 by Bybel-Media Handel te bestel*** - klik hier vir die bestelvorm.

Opsoek na kerkbanke: Die NGKA in Boshof het 'n nuwe kerkgebou en is op soek na banke om in die kerk te sit. Is daar nie dalk 'n kerk waar daar ou banke, of opvou-houtstoele is wat hulle nie meer gebruik nie? Indien enige iemand hiermee kan help, kontak asseblief vir Elsa Brooks op 053 541 0171, of stuur 'n e-pos na kantoorngk@vodamail.co.za

GEMEENTENUUS

NG Bedelia, Welkom bied aan:

NG Rietfontein (Winburg): Neem ook solank kennis van die Hengelkompetisie (biljet regs), wat op **Saterdag 7 Desember 2019** aangebied gaan word - gereelde hengelaars kan gerus kennis neem.

OPLEIDINGSGELEENTHEDE

Pastorale Beradingskursus rakende die area van selfvergifnis - Saterdag 16 November 2019: Hierdie kursus word deur die bekende prof Wentzel Coetzer in Potchefstroom aangebied - klik hier vir al die besonderhede.

Werkswinkel - Hoop vir Kinders (Laerskool EE3): Hierdie opwindende fasiliteerdersprogram word gedurende die Desembervakansie in Petrusburg aangebied. Klik hier vir meer besonderhede en inskrywingsvorm.

Preek Laboratorium 2020: As jy al ooit gewonder het hoe jy 'n groter verskil deur jou prediking kan maak, is die Preek Laboratorium net die regte ding om na te

kyk. Volgens dr Floris Knouwds (fasiliteerder van die preeklab), is die fokus in hierdie kursus op persoonlike vorming en op maniere (die metodes "transformational learning"), wat jou help om inligting oor effektiewe prediking op die vlak van jou eie menswees te deurdink, te verwerk en te bemeester. Daarom is dit volgens hom 'n proses wat jou sal help:

- om nuut te dink oor jouself as prediker,
- om jou eie, persoonlike styl van prediking te verryk en meer veelsydig te maak, en
- om jou in te lei in die vaardighede wat dit moontlik maak om met groter impak te preek.

Vorige kursusgangers het (op hul evalueringsvorms) die volgende oor die preeklab te sê gehad:

"Dit het my gehelp om buite die boks te dink oor prediking... en nuwe hoop in my ontvlam."
"Die kursus was vol nuwe insigte, beginsels en tegnieke wat ek kan gebruik."
"Afwisseling in aanbiedingstyl het my deurentyd ingetrek en bygehou."
"Die preeklaboratorium was vir my as mens baie verrykend. Dit het my nader gebring aan God en aan my eie storie. Ek het in die proses ook ontdek watter blokkasies daar in my persoonlike groei en geestelike groeiproses bestaan."
"Die waardevolste kursus wat ek in baie jare bygewoon het."

Die **Preek Laboratorium word oor ses dae (4 & 5 Maart, 6 & 7 Mei en 8 & 9 Julie 2020) aangebied** by Coram Deo Sentrum, Lucasstraat 37 in Risiville, Vereeniging. Die kursus kos R1500 per persoon (middagetes ingesluit) en is geregistreer vir 58 x VBO punte. Vir meer inligting, kontak dr Floris Knouwds op 082 927 2575, of by **fknouwds@gmail.com**, of jy kan gaan loer by **http://www.coramdeong.com/preeklaboratorium.html**